Verwysing: 20200128-3715
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0004/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Leerderondersteunings-bestuurders en Prinsipale van skole met spesiale onderwysbehoeftes

Onderwerp: 2020 Kitsopname vir skole met spesiale onderwysbehoeftes

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se kitsopname vir skole met spesiale onderwysbehoeftes sal op **03 Maart 2020** plaasvind. Prinsipale moet die korrektheid van leerder- en opvoederdata op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) afteken. Leerondersteuningsbestuurders moet die data van die kitsopname teen die sperdatum op **13 Maart 2020** afteken.

2. Voor die prinsipaal of hul afgevaardigde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende korrek op SOBIS weergegee word:

2.1 Alle leerders wat vir 2020 geregistreer is om skole by te woon, moet in hul korrekte grade, klasse en taal van leer en onderrig (TLO)-kategorie op SOBIS verskyn.
2.2 Leerderoorplasings (in en uit) moet voltooi wees.
2.3 Graadveranderings moet voltooi wees.
2.4 Vakveranderings moet voltooi wees.

3. Die prinsipaal moet seker maak dat die lys van opvoeders, asook werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2020 onderrig word, op SOBIS bygewerk en geverifieer word. Indien grade en vakke wat in vorige jare onderrig is nie meer op die opvoeder se 2020-werkslading van toepassing is nie, moet dit verwyder word.

4. Om met die verifiëring van leerder- en opvoederdata te help, is 'n aantal foutverslae beskikbaar om leiding te gee en te verseker dat die bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, korrek is. Maak asseblief seker dat alle foute, soos deur hierdie verslae aangetoon, voor aftekening reggestel word.

5. Die aftekeningsgedeelte van die opname moet voltooi word as erkenning dat die data geverifieer is en 'n korrekte weergawe is van die leerderinskrywings en die getal personeel soos op 03 Maart 2020.

6. Daar sal van hospitaalskole verwag word om 'n drukstuk van die opname in te vul wat direk aan skole verskaf sal word.

7. Nadat die prinsipale op 03 Maart 2020 afgeteken het, sal 'n flitsbeeld van alle leerder- en opvoederdata gemaak word en enige foute wat oorbly, moet reggestel word voor die leerderondersteuningsbestuurders dit op 13 Maart 2020 afteken.

8. Die prinsipaal as die inrigting se Onderwysbestuurs-inligtingstelsel (OBIS) -amptenaar, moet die dataprosesse bestuur om te verseker dat bewys van verifikasie en die handtekeninge van personeel wat gedelegeer is om die data te kontroleer op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting geoudit kan word, moet die skool se OBIS-datasakeproses aangeteken word om aanspreeklikheid vir die korrektheid van data te verseker.

9. 'n Nasionale identiteitsdokumentnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders sonder ID-nommers te identifiseer en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te vergemakilk. MOENIE 'n ongeldige ID-nommer vaslê as 'n leerder nie in besit van 'n geldige ID-nommer is nie. Adviseer asseblief die ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Prinsipale word versoek om waar moontlik ouers te help om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik.

10. Indien u enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind, kom asseblief in aanraking met die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar wat hieronder gelys is:

DISTRIK	DISTRIK SE SOBIS-ADMINISTRATEUR	TELEFOONNO.	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052/ 021 938 3101	masixole.stofile@westerncape.gov.za zintle.notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentaal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751/ 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120/ 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053/ 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367/ 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

11. Die onlangse onderwys-datagehalteoudit, uitgevoer in Kwartaal 2 van 2018, het uitgewys dat skole nie korrekte gegewens boekstaaf nie. Die WKOD sal dus die nakoming en datagehalte van alle kitsopname-voorleggings monitor en sal enige gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

12. Onafhanklike skole met spesiale onderwysbehoeftes word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let asseblief daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2020.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-02-14